Die Humansdorpse Landbou Koöperasie Beperk
*Handeldrywend / Trading as*

THE CO-OP
DIE KOOPERASIE

Piet Uysstraat 25, Humansdorp, 6300
Tel. 042 007 0012
VAT 4440101576
Registrasienommer 1944/000003/24
www.humkoop.co.za

# *AANSOEK OM SEISOENSREKENING*

Produksierekening __________ Betaalbaar binne 12 maande vanaf datum van aansoek _____/_____/20_____

Naam/Handelsnaam van Lid: ______________________________________ Lid Nr: ________

ID/Registrasie Nr: ________________________ Selfoon Nr: _____________________________

Besonderhede van boerderyaktiwiteite: _______________________________________________

________________________________________________________________________________

| **Gewas: besproeiing** | Hektaar: huur grond | Hektaar: eie grond |
|---|---|---|
| | | |
| | | |
| **Gewas: droëland** | Hektaar: huur grond | Hektaar: eie grond |
| | | |
| | | |

Neem kennis: Indien huurgrond: voorsien asb afskrif van die nuutste huurooreenkoms.

| **Insette verlang** | **Besproeiing** | **Droëland** |
|---|---|---|
| Kunsmis | R ____________ | R ____________ |
| Brandstof | R ____________ | R ____________ |
| Saad | R ____________ | R ____________ |
| Onkruid- & Plaagbeheer | R ____________ | R ____________ |
| Lugbespuiting | R ____________ | R ____________ |
| Kalk | R ____________ | R ____________ |
| Onderdele & Herstelwerk | R ____________ | R ____________ |
| Versekering | R ____________ | R ____________ |
| **Totaal Betaalbaar** | **R** ____________ | **R** ____________ |

Parafeer: Getuie ________________________ Parafeer: Applikant ________________________

## ALLE PRODUKSIELENINGS EN ALGEMENE KREDIET WORD OP DIE VOLGENDE VOORWAARDES TOEGESTAAN

Ek (die ondergetekende) ________________________________________________

verklaar dat ek/ons (die aansoeker) ____________________________________
ten volle daarvan bewus is dat :

1. Uit die opbrengs van die oeste, my/ons verpligtinge teenoor Die Humansdorpse Landbou Koöperasie Beperk handeldrywend as Die Koöperasie ten volle gedek sal word alvorens enige uitbetalings aan my/ons gemaak sal word. Rente sal bereken word teen 'n koers per jaar, enkelvoudig of maandeliks saamgestel, soos van tyd tot tyd algemeen geldend ten opsigte van soortgelyke fasiliteite deur Die Koöperasie verleen met inagneming van die toepaslike algemeen geldende kredietnorme van Die Koöperasie soos deur die Raad van Direkteure van Die Koöperasie bepaal, en dat rente teen die rekening gedebiteer onmiddellik betaalbaar is. Ek/ons bevestig voorts dat ons bewus is van die bepalings van die Koöperasie Wet (Wet 14 van 2005) met betrekking tot die voortdurende pand en bevestig die pandreg wat Die Koöperasie op al my/ons landbouprodukte hou en verbind myself/ons weereens aan die bepalings daarvan en ook tot die verhandeling van my/ons produkte/vee.

2. Ek/ons erken en gee toestemming dat Die Koöperasie in sy diskresie uitstel kan verleen en andersins die fasiliteit se rekening en/of fasiliteite kan administreer volgens "gangbare algemene uitleenpraktyk" en dat die direkteure van Die Koöperasie se bepaling in hul diskresie van die vlak van die kredietrisiko van toepassing, my/ons as lener sal bind en onder andere sal dien as grondslag waarop uitstelle verleen mag word en toegewings gemaak mag word. "Gangbare algemene uitleenprakyk" sal ondermeer die rug-aan-rug bronne van en terme van finansiering van Die Koöperasie in ag neem soos byvoorbeeld lenings vanaf die Landbank en die rente daarop betaalbaar.

3. Versekering teen hael/wind/brand of omvattend ten opsigte van al my/ons oeste, waarvoor produksiemiddele deur Die Koöperasie voorsien is, verpigtend is, tensy Die Koöperasie se Kredietkomitee vrystelling daartoe verleen, welke vrystelling skriftelik bekragtig sal word. Hierdie polis word onvoorwaardelik aan Die Koöperasie sedeer.

4. Ek/ons onvoorwaardelik daartoe toestemming gee dat verteenwoordigers van Die Koöperasie te eniger tyd inspeksie van my/ons boerdery/landerye/oeste/boorde kan doen.

5. Ek/ons onvoorwaardelik en onherroeplik daartoe toestemming gee dat enige inligting benodig deur my bank en/of Die Koöperasie wedersyds verskaf mag word, en dat enige persoonlike en finansiële inligting van my/ons deur Die Koöperasie nagegaan of ondersoek mag word ook by enige kredietburo/finansiële instelling/rekenmeester/ ouditeur of boekhouer.

5.1 Ek/ons stem toe dat die inligting met betrekking tot my persoonlike inligting en sover dit die kredietfasiliteite aangaan, op die Koöperasie se databasis en lêerrekords gestoor mag word.

6. Ek/ons stem toe dat die koste vir die vestiging van sekuriteit teen my/ons rekening gedebiteer kan word en bevestig dat alle bestaande dekkende sekuriteit sal voortbestaan en sal dien as sekuriteit vir Die Koöperasie.

7. Dit 'n uitdruklike voorwaarde van hierdie finansieringsooreenkoms is dat ek/ons as lener/s onvoorwaardelik toestem tot die jurisdiksie van die Landdroshof vir enige aksie en/of ander optrede hoegenaamd wat hieruit mag ontstaan of voortspruit indien Die Koöperasie die geding wil voer in die Landdroshof.

8. **Kredietlewensversekering ten opsigte van die fasiliteite verpligtend is teen die tarief soos van tyd tot tyd bepaal deur die betrokke versekeringsmaatskappy, mits ek/ons daarvoor kwalifiseer. Alternatiewe, aanvaarbare sekuriteit kan voorgelê word om hierdie kredietlewensversekering te vervang en sal sodanige versekering aan Die Koöperasie sedeer word.**

9. 'n Sertifikaat uitgereik names Die Koöperasie en onderteken deur die Hoof Uitvoerende Beampte, Krediet-bestuurder of Hoof Finansiële Beampte van Die Koöperasie *prima facie*, bewys sal wees van die bedrag/e deur my/ons verskuldig.

10. Ek/ons bevestig dat indien daar vir seisoenfinansieringsredes enige fasiliteite aan my/ons toegestaan word ten opsigte van 'n finansieringsseisoen wat volg op hierdie reëling, voordat nuwe reëlings gefinaliseer is en die nodige sekuriteit verleen is en die nodige dokumente geteken is, sodanige fasiliteit toegestaan sal word op die betrokke basis hierin uiteengesit en gedek word daardeur.

11. Geen wysigings aan hierdie voorwaardes of fasiliteite sal geldig wees tensy dit op skrif gestel is en deur beide Die Koöperasie en die lid onderteken is nie.

12. Ek/ons doen hiermee afstand van die voorregte voortspruitende uit die regseksepsies *non causadebiti* (dat daar geen skuldoorsaak was nie), *non numeratae pecuniae* (dat geld nie betaal is nie), *errore calculi* (dat daar 'n fout in die berekeninge was), *de duobus vel pluribus reis debendi* (dat ek/ons en enige ander persoon nie gesamentlik en afsonderlik aanspreeklik is nie), *ordinis seu excussionis et divisionis* (dat daar uitskudding en verdeling van aanspreeklikheid is), hersiening van rekeninge en verklaar dat ek/ons ten volle daarmee vertroud is.

13. Ek/ons onderneem om op die skaal soos tussen prokureur-en-kliënt alle koste te betaal wat ontstaan uit enige vordering of regstappe ingestel deur Die Koöperasie vir verhaling van enige bedrag wat ek/ons aan Die Koöperasie skuld ongeag of aksie aanhangig gemaak is of nie, insluitend alle invorderingskostes en opsporingskoste te betaal.

14.1 *Domicilium citandi et executandi* ("domicilium" word hiermee deur my/ons gekies te die fisiese adres verstrek by die handtekening van my/ons aan die einde van hierdie ooreenkoms, vir alle doeleindes van of ontstaande uit hierdie dokument, by welke adres alle kennisgewings en/of prosesstukke ontstaande uit of in verband met hierdie dokument geldiglik op ek/ons beteken of gelewer mag word.

14.2 Ek/ons is geregtig om my/ons domicilium na enige ander adres in die Republiek van Suid-Afrika, anders dan 'n posbus of poste restate, deur skriftelik kennisgewing aan Die Koöperasie te verander.

Parafeer: Getuie ______________________ Parafeer: Applikant ______________________

14.3 Enige kennisgewings deur Die Koöperasie aan ek/ons word :

14.3.1 indien per hand by my/ons se domicilium afgelewer, geag behoorlik ontvang te wees deur my/ons op die datum van aflewering; of

14.3.2 indien per vooruitbetaalde geregistreerde pos aan my/ons se domicilium gepos, afdoende geag ontvang te wees deur my/ons op die 5de dag na datum van sodanige versending tensy die teendeel bewys word.

14.4 Nieteenstaande enige teenstrydige bepalings van hierdie voorwaardes word skriftelike kennisgewing of kommunikasie inderdaad deur my/ons van Die Koöperasie ontvang, geag ‘n voldoende skriftelike kennis of kommunikasie aan my/ons te wees, nieteenstaande dat dit nie gestuur is aan of afgelewer is by my/ons se gekose domicilium nie.

15.1 Indien :

15.1.1 ek/ons versuim om enige bedrag verskuldig aan Die Koöperasie op die vervaldag te betaal en daarna vir ‘n verdere 14 (veertien) dae na afsending van ‘n aanmaning deur Die Koöperasie aan my/ons gerig, in gebreke bly om te betaal; of

15.1.2 ek/ons kontrakbreuk pleeg ten opsigte van enige bepalings of voorwaardes hiervan of van enige ooreenkoms tussen Die Koöperasie en ek/ons versuim om daardie kontrakbreuk reg te stel binne 14 (veertien) dae na afsending van ‘n kennisgewing waarin ek/ons aangemaan word om dit te doen; of

15.1.3 ek/ons voorlopig of finaal gelikwideer of gesekwestreer word of onder geregtelike bestuur geplaas word, of my/ons boedel oorgee; of

15.1.4 ‘n vergadering van my/ons aandeelhouers belê word vir die doeleindes van ‘n vrywillige likwidasie, of indien ’n besluit te dien effekte geneem word; of

15.1.5 ek/ons ‘n skikking met enige van my/ons krediteure aangaan; of

15.1.6 daar op enige van my/ons goedere beslag gelê word ingevolge ‘n hofuitspraak; of

15.1.7 daar ‘n hofuitspraak uitgevaardig word teen my/ons waaraan daar nie binne 7 (sewe) dae nadat dit uitgereik is deur my/ons voldoen word nie of waarteen daar nie binne sodanige tydperk ‘n aansoek vir tersydestelling of ‘n appél aangeteken word nie (mits daar met sodanige appél of aansoek met behoorlike sorg en toewyding voortgegaan word); of

15.1.8 daar enige wanvoorstelling deur my/ons gemaak is aan Die Koöperasie in my/ons aansoek vir die kredietfasiliteite; of

15.1.9 indien my/ons finansiële posisie sodanig verswak in Die Koöperasie se alleen diskresie dat kredietverlening aan my gestaak behoort te word; of

15.1.10 enige van die gebeure in 15.1.3 tot 15.1.9 hierbo genoem *mutatis mutandis* plaasvind met betrekking tot enige regs- of natuurlike persoon wat hom aan Die Koöperasie as borg of medehoofskuldenaar verbind het vir my/ons verpligtinge teenoor Die Koöperasie, is Die Koöperasie geregtig, nieteenstaande teenstrydige bepalings van enige ooreenkoms tussen my/ons en Die Humansdorpse Koöperasie om betaling te vorder van alle bedrae wat ek/ons indertyds aan Die Koöperasie verskuldig mag wees, tesame met rente daarop bereken teen die maksimum toelaatbare koers verhaalbaar ingevolge die Nasionale Kredietwet (Wet 34 van 2005) bereken op die daaglikse uitstaande saldo en maandeliks saamgestel vanaf die datum van aanmaning tot datum van betaling, hetsy sodanige bedrae dan betaalbaar is, al dan nie, sonder benadeling van enige regte wat Die Koöperasie andersins mag besit weens sodanige kontrakbreuk.

15.2 Word sonder aftrekking of skuldvergelyking by Die Koöperasie se ***domicilium adres*** ingevolge hierdie ooreenkoms gemaak.

16. Die Koöperasie sal geregtig wees om alle betalings wat deur my/ons gemaak is, eerstens aan te wend teenoor skulde en verpligtinge voorheen aangegaan en erken ek die voortdurende pandreg wat Die Koöperasie in terme van Artikel 173 van die Koöperasiewet Nommer 91 van 1981 vestig. Ek onderneem om my by die bepalings van hierdie Wet, asook by die Statuut van Die Humansdorpse Koöperasie te hou en onderwerp myself onvoorwaardelik en onherroeplik daaraan. Ek onderneem verder om op versoek van Die Koöperasie, alle inligting met betrekking tot my landbouprodukte onverwyld bekend te maak aan Die Koöperasie.

17. Ek/ons erken dat tensy ek/ons binne 6 (ses) maande na die pos van enige staat, skriftelik deur enige debiet of krediet wat daarop verskyn beswaar maak, dit geag sal word dat vir alle doeleindes die inhoud daarvan korrek is. Nieteenstaande hierdie bepaling, sal Die Koöperasie te enigetyd geregtig wees om enige krediet of debiet wat op ’n staat verskyn te wysig indien Die Koöperasie van oordeel is dat so ’n debiet of krediet in enige opsig foutief is. Tensy ek/ons skriftelik binne 6 (ses) maande nadat sodanige regstelling plaasgevind het en aan my/ons gepos is, teen sodanige regstelling beswaar maak, word dit geag dat die inhoud van sodanige staat korrek sal wees.

18. Ek/ons sertifiseer dat alle inligting wat in hierdie aansoek verskyn deur my/ons persoonlik ingevul en/of nagegaan is en dat dit volledig en korrek is en dat die party wat hierdie aansoek onderteken het behoorlik gemagtig is daartoe.

Onderteken te ____________________________ op hierdie _______ dag van ______________________ 20_____

HANDTEKENING AANSOEKER : __________________________________________________________________

FISIESE ADRES : ______________________________________________________________________________

GETUIE : ____________________________________________________________________________________

Parafeer: Getuie _______________________ Parafeer: Applikant ________________________